

15 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 138 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 138:6

Die Here seën die nederiges wat sy verlossing erken

Hierdie psalm is 'n pragtige lofpsalm. Dawid besing die lof van die Here oor dit wat die Here gedoen het (vs 5). Dit is die Here wat hom aan die lewe hou as die nood hom oorval (vs 7) en dit is die Here wat hom red uit die hand van sy vyande. Aan die Here se liefde is geen einde nie.

Oor al hierdie dinge kan Dawid net die Here se lof besing. Maar die hoogtepunt van die hele saak is dit wat hy vir ons in vers 6 sê: Ja, al is die Here hoog verhewe, Hy gee om vir die nederige, maar Hy sien van ver af deur die hoogmoedige.

Hier is Dawid, 'n sondaarmens, maar God wat so hoog verhewe en Almagtig is, Hy is bereid om as 't ware af te buk en persoonlik na Dawid te luister. Dawid skryf van dieselfde gedagte in Psalm 40:2. Dawid het genoegsame redes in sy lewe om die Here dankbaar te wees. In 2 Samuel 7 lees ons hoedat die Here deur middel van die profeet Natan Dawid seën met die belofte dat sy nageslag vir altyd sal bestaan, en hoedat Dawid sy dankbaarheid betuig dat die Here bereidwillig is om so iets aan hom te doen.

Al hierdie dinge getuig van 'n gesindheid van nederigheid by Dawid. Dit is ook die rede waarom die Here bereidwillig is om gehoor te gee aan Dawid se gebede.

Vir ons is daar geen verskil nie. Die Here het sy verlossing aan ons geskenk deur sy Seun, Jesus Christus. Hy het die smeekgebede en hulpgeroep van sy kinders gehoor. Dit beteken vir ons dat die Here ook bereidwillig is om neer te buig en te luister na ons hulpgeroep en ons smeekgebede.

Die vraag is egter: Met watter gesindheid word daar tot die Here genader? Dit moet met die gesindheid van Psalm 123:2 wees: Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hand van sy eienaar, soos die oë van 'n slavin gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm. Dit beteken soms om geduldig te wag, maar nog steeds in nederige afhanklikheid van ons Vader.

Geloofd sy God met diep ontsag, want Hy oorlaai ons dag aan dag met ryke seëninge. Wie sou Hom dan nie dank bewys, die God van saligheid nie prys, met al die hemelinge? Hy wat ons enigste God en Here is, is alleen waardig om hierdie lof te ontvang.

Sing Psalm 138:3, 4 (Totius)

Ds N Boy (Drieviersboom)

